education

DEPARTMENT: EDUCATION
MPUMALANGA PROVINCE

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V1

SEPTEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70 **TYD:** 2 UUR

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)

- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.

- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

VRAAG 1 ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)***		
Vraag	**Antwoord**	**Punt**
1.1	Die ontdekking van die gloeilamp √	1
1.2	Sy was self die slagoffer van min slaap./ As navorser/skrywer/kenner is sy bekend met slaappatrone./slegte slaap-gewoontes. √	1
1.3	Edison glo dat baie slaap tot onproduktiwiteit lei terwyl Huffington glo dat jy deur slaap beheer oor jou lewe neem. Edison glo dat slaap tydmors is, maar Huffington glo dat goeie slaaphigiëne juis 'n belegging in jou gesondheid is. √√	2
1.4	Die (vinnige) tempo van die nywerheidsrewolusies het tot minder slaap gelei. √ Die ontdekking van die gloeilamp (tydens die tegnologierewolusie) het langer werksdae./meer werksure per dag tot gevolg gehad. √ As gevolg van die digitale era is mense 24 uur aan die gang./werk mense oral./ permanent. √ *Die kandidaat moet die gevolg van elke rewolusie beskryf.*	3
1.5	Die paragraaf gee die rede vir slaapskuld./ Die paragraaf verskaf 'n verduideliking van wat met slaapskuld bedoel word./ Die titel word in die paragraaf herhaal./ Die kundige se uitsprake verleen geloofwaardigheid aan die titel./ondersteun die titel. √	1
1.6	Sekere noodsaaklike liggaamsprosesse kan nie plaasvind nie./ Die afskeiding van groeihormone kan nie plaasvind nie. Die geheue word nie verfris nie./ Leervermoë verbeter nie. √√ *Die kandidaat bied enige TWEE gepaste negatiewe gevolge vir EEN punt elk aan.*	2
1.7	Dr. King glo slaap is noodsaaklik (om van gifstowwe in jou liggaam ontslae te raak). √ **EN** Mediese studente wat min slaap maak meer foute. √ Moegheid by skofwerkers/nagskofwerkers het al tot groot rampe/ nywerheidskatastrofes/kernkragongelukke/by Tsjernobil/Three Mile Island	1 2

	gelei. √ **EN** "wêreldwye" √	1
1.8	Dit verseker dat jou brein optimaal funksioneer. √ Jou brein moet geleentheid kry om te rus. √	1 1
1.9	Ja Die digitale tydperk waarin ons leef, veroorsaak dat mense nie genoeg slaap nie. Tegnologiese vooruitgang maak dit makliker om snags te kommunikeer/werk. Die tegnologiese era veroorsaak verhoogde werksdruk wat lei tot strenger spertye en dus minder slaap. **OF** Nee Daar is baie mense wat met minder as ses uur se slaap normaal kan funksioneer. Daar is ouer mense en jong kinders wat genoeg slaap en nie slaapskuld het nie. Nie alle mense het toegang tot tegnologie wat hulle uit die slaap hou nie. Afgetrede persone het gewoonlik goeie slaapgewoontes hoewel 'n mens minder slaap wanneer jy ouer word. √√√ *Die kandidaat bied enige soortgelyke DRIE motiverings vir EEN punt elk aan.*	3
1.10	Ja (Dr. Jeff King meld dat) genoeg slaap gifstowwe uit die liggaam verwyder (wat 'n gesonder liggaam/langer lewe verseker)./(Ander navorsers bevind) genoeg slaap verminder jou risiko op vetsug./diabetes./hoë bloeddruk./hartsiektes./depressie./ eietydse siektes. **OF** Nee Daar is nie voldoende mediese navorsing as bewys nie./ Bewyse is beperk tot afleidings van 'n kardioloog./ Die studies/navorsing is nie wêreldwyd gedoen nie. √ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.11	Selfone/televisie/alle vorme van media/stimulante/kafeïen/suiker √√√	3

	Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.	
1.12	Ja Tieners besef nie dat te min slaap so gevaarlik kan wees nie. √ **OF** Nee Die artikel spreek hoofsaaklik volwassenes wat al werk aan. Die teikengroep vir hierdie teks is volwassenes, dus sal tieners nie die teks lees nie.√ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
1.13	Dit is vals tande en baie ou mense slaap nie met hulle vals tande in hulle monde nie. √	1
1.14	Die tande klapper op mekaar van die koue. √	1
1.15	Ja • Die woorde klap stel die klanknabootsing voor/ • Die grafika suggereer dat die tande op en af beweeg. √	1
1.16	Die tannie is knorrig en geïrriteerd as gevolg van min slaap.	1
1.17	• Die tannie ly aan uitputting/is moeg omdat sy nie goed slaap nie. √ • Hoë bloed druk / diabetes / vetsug/ hartsiekte / depressie √	1 1
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs unieke eienskappe wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

- Punte word soos volg nagesien:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4 – 5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe.

- Verspreidng van taalpunte wanneer kandidate woordeliks aangehaal het:
  - 6 – 7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1 – 5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe.

LET WEL:

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangeduid het nie of verkeerd aangeduid het.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.

- Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat,mag nie gepenaliseer word nie.

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Kandidate moet soveel moontlik aan die werkgewer kan bied. Deeltydse opdragte help baie om jou vaardighede uit te brei en bewys dat jy onmisbaar is. Bekwaam jou verder in jou belangstellingsveld. Netwerkgeleenthede is belangrik om jouself bekend te stel. Raak betrokke by verenigings en organisasies van die bedryf waarin jy wil werk en maak seker dat jy op soveel moontlike terreine betrokke raak.

Getal woorde: 63

AANHALING UIT TEKS		**MOONTLIKE BEWOORDING**	
1	Kandidate moet aanpas by die idee dat hulle **soveel moontlik vir die nuwe werkgewer moet bied**	A	Kandidate moet soveel moontlik aan die werkgewer bied
2	**Deeltydse opdragte** wat aan jou gegee word, bied buigsaamheid en sal jou **help om jou vaardighede uit te brei**.	B	Deeltydse opdragte help jou om jou vaardighede te vergroot.
3	**bewys dat jy onmisbaar is** wanneer dit by 'n sekere taak kom	C	Jy moet bewys dat jy onmisbaar is.
4	**kies iets waarin jy belangstel** en **bekwaam jou verder** in daardie rigting.	D	Jy moet jou verder bekwaam in iets waarin jy belangstel.
5	**Netwerkgeleenthede** is baie belangrik	E	Gebruik belangrike netwerkgeleenthede.
6	**Raak betrokke by organisasies of verenigings in die bedryf** waarin jy wil werk.	F	Wees betrokke by organisasies en verenigings in die bedryf waain jy wil werk
7	Jy **móét deel word** van **die bedryf** op **soveel as moontlik terreine**.	G	Maak seker dat jy op soveel moontlik terreine van jou bedryf,betrokke raak.
			Getal woorde: 63

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Nasien vanhierdie afdeling:

- **Spelling:**
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.

- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

- JA/NEE verdien geen punte nie.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1.1	(bepaalde) lidwoord√	1
3.1.2	goeie √	1
3.1.3	**Moenie** 'n goeie ontbyt eet nie. √	1
3.2.1	Hy wil die leser oortuig dat sy produk nou vinniger voorberei kan	1

	word.√	
3.2.2	Dit plaas aandag op die feit dat Jungle oats nou vinniger voorberei kan word. √	1
3.3	Hulle/Ons/Die mense vervaardig Jungle Oats Instant van dieselfde Jungle Oats-vlokkies. √	1
3.4.1	Heilsaamheid√	1
3.4.2	j**ou**√	1
3.5	• Foto van die gereg • Oorredende taal, bv. Energieverskaffer van kampioene • Regmerkies by die gereg se gesondheidspunte√√ *Leerdrs skryf enige TWEE neer*	2
		[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Slaag√	1
4.2	Kan/Mag ek maar Wiskunde doen! √	1
4.3.	Om te kry√	1
4.4	Onder√	1
4.5	Meneer, wat is die **tydsduur**…√	1
4.6	c √ *Geen punt nie, klein letter – indien wel, verkeerd.*	1
4.7	**Die meeste** mense hou nie van seekos nie √	1
4.8	Vasbeslote√	1
4.9	Onderwysers is kwaai en seuns is dom en lui/sukkel met Wiskunde/doen nie huiswerk nie√	1
4.10	Hy sit met sy voet op die lessenaartjie/het reeds die houding van iemand wat niks bereik het indie lewe nie. √	1

		[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Ongelukkig ….., **maar/want/en** die sosiale lewe is ewe moeilik. √ *Let op woordorde van die tweede sin.*	1
5.2.1	• …terwyl jy aanpas by jou nuwe sosiale lewe/ • …terwyl jy sukkel omjou plek te vind. √	1
5.2.2	Aanvanklik **sou** die nuwe sosiale struktuur jou dalk **aangegryp (het) en bekoor het.** √	1
5.2.3	Gefrustreerd√	1
5.3	Basis eindig op ‘n **s** en agtervoegsel begin met ‘n **s**. √	1
5.4	Neelsie het mooi **opgelet**. Neelsie, **let** nou mooi **op**. √	1
5.5	Splinternuwe√	1
5.6	Ek neem aan verskeie **sportsoorte** deel. √	1

5.7.1	Koppelwerkwoord√	1
5.7.2	So – si – a – le √	1
		[10]
	TOTAAL AFDELING C:	**30**
	GROOTTOTAAL:	**70**